Republikein

27.06.2011

Koshuiskinders ontvang groot geskenk

Werknemers van die ELCRN met die komberse wat deur IWAN geskenk is, en die Etameko-skryfborde wat deur Bank Windhoek en Republikein oorhandig is. Biskop Zephania Kameeta staan derde van links.

DIE Internasionale Vrouevereniging in Namibië (IWAN) het die winter draagliker gemaak toe dit 393 komberse aan die Evangeliese Lutherse kerk in Namibië (ELCRN) geskenk het. Die ELCRN bedryf 19 koshuise en sorg vir 1 650 kinders tussen die ouderdomme van ses en 16 jaar.

Die komberse sal aan sewe koshuise in die Suide van Namibië gaan, waar die ergste koue ervaar word. Die direkteur van die program, mnr. Engelhardt ≠Unaeb, is dankbaar vir die skenking.

“Ons kan ’n dak oor die kinders se koppe sit, maar dit hou hulle nie warm in die winter nie,” het hy gesê.

Volgens die voorsitter van die IWAN, me. Fran Aylott, het hulle besef dat nie elkeen in die koshuise ’n kombers het nie.

“Ons is verheug om hierdie skenking te kan maak,” het sy gesê.

IWAN het ook 1 400 skootgrootte skryfborde geskenk, Dit is deur Bank Windhoek en Republikein geborg.

Yolanda Nel